GIMMIE-NUUS

LANGENHOVEN GIMNASIUM OUDTSHOORN
Privaatsak X611 Tel. 044 272 2151/2 Faks 044 272 6254
e-pos postmaster@lgim.wcape.school.za Web: www.langenhovengim.co.za

Uitgawe 25/2011 | ***Gimmies vir uitnemendheid!*** | 30 September 2011

Geagte Ouer/Voog

1. INLEIDING

Die jaar is amper verby en die matrieks se uurglas loop vinnig leeg. Die eindeksamen begin 17 Oktober 2011. Aan hulle baie sterkte! Ek wil glo dat hulle die belangrikheid van die eksamen sal besef en hard sal werk. Vir die res is daar ook nie meer baie tyd oor nie. Harde werk is noodsaaklik ten einde suksesvol te wees. **Dit is nie hoe jy begin nie, maar hoe jy eindig.** Om uitnemend te wees moet jy die doodgewone, alledaagse dinge buitengewoon goed doen. Aan die einde van die kwartaal wil ek graag aan ons Hemelse Vader baie dankie sê vir Sy liefde, genade en ondersteuning. Sonder Hom is ons niks en kan ons niks doen nie.

2. BELANGRIKE DATUMS VIR DIE EERSTE WEEK VAN DIE VIERDE KWARTAAL

Saterdag 1 Oktober	:	Krieket: O/19A Gim vs Boland Landbou (T)
Maandag 3 Oktober	:	Krieket: Gim vs Tygerberg (T)
Dinsdag 4 Oktober	:	Krieket: Gim vs Charlie Hofmeyer (T)
Maandag 10 Oktober	:	Skool heropen: Opvoeders: 07:40 Leerders: 07:55 Ouers maak oueraandafsprake tot 15:00 by mev. Smit Vergaderings: Skoolbestuurspan: 14:15 GOK-bestuur: 18:00
Dinsdag 11 Oktober	:	Ouers maak oueraandafsprake tot 15:00 by mev. Smit **Koshuisdinee: Voorstelling van koshuis-VRL** **Skooltye:** 07:10 – 13:15 vir die res van die kwartaal
Woensdag 12 Oktober	:	Ouers maak oueraandafsprake tot 15:00 by mev. Smit 14:00: Leerders maak afsprake vir leerling- en bestuur-derslisensies Lofspan: Christusfees-optrede Krieket: Gim vs Beaufort-Wes (T) **Datums vir 2012 gemeenskapsjaarprogram na Laerskool Wesbank**
Donderdag 13 Oktober	:	Ouers maak oueraandafsprake tot 15:00 by mev. Smit **PRYSTOEKENNINGSFUNKSIE: 18:30**
Vrydag 14 Oktober	:	Ouerbrief, kwartaal- en buitemuursprogram na ouers Ouers maak oueraandafsprake tot 15:00 by mev. Smit SWD-Eden swemgala: Wellness World (George) (Sluitingsdatum vir inskrywings: 10 Oktober 2011) **MATRIEKS SE LAASTE DAG** **07:00: Matriekontbyt** (Matrieks en personeel in die klubhuis) Matrieks in skooldrag

07:45: Neem van foto's van prysuitdeling (skoolsaal)

07:45 Alle graad 9's meld aan by Songoudkoshuis.

08:00 **Graad 9's skryf verpligte (WKOD) Afrikaans- en Wiskundevraestelle te Songoudkoshuis. Nasionale sistemiese toetse. Gr. 9-leerders mag nie afwesig wees nie.**

09:00 Skool begin. Bywoning verpligtend.
Opening in die vierkant vir graad 8, 10 - 12. (Skooldrag)

09:15 Graad 8, 10 en 11 het normaal klas. Verkorte periodes.
Graad 12's ontvang finale reëlings.

Graad 12-leerders ontvang hulle toelatingsbrief wat hulle toegang tot die eksamenlokaal gee en moet daarom by die skool wees ten einde die toelatingsbrief te ontvang.
Matrieks laat hemde teken.

11:00 Pouse

11:45 Saalafsluiting vir die hele skool saam met die matrieks.

±13:15 Skool verdaag.

Graad 8- tot 11-leerders moet besef dat dit 'n gewone skooldag vir hulle is, en **moet** daarom die skool bywoon. Al die leerders verdaag na afloop van die saalafsluiting.

Saterdag 15 Oktober	:	VRL-opleiding (Heroldsbaai) Tennis: SWD vs WP (tuis) O/14, O/16 en O/18 Krieket: Gim vs Hoërskool Punt (T)
Sondag 16 Oktober	:	VRL-opleiding (Heroldsbaai)
Maandag 17 Oktober	:	**Ouer/onderwyser kontakaand in klasse**

3. AFWESIGHEDE

Dankie aan die leerders wat getrou skool bywoon. Ook aan ons ouers wat toesien dat hul kinders skool toe kom. Dit is hartseer dat daar tog ouers is wat toelaat dat hul kinders by die huis bly. Wat word kinders geleer, dat dit aanvaarbaar en reg is? Ek glo dat as jy in 'n klein dingetjie, soos om skool toe te gaan getrou is, sal jy met groter dinge vertrou kan word. Watter werkgewer wil iemand aanstel wat vir die geringste ding by die huis bly. Kom ons leer ons kinders weer verantwoordelikheid.

As leerders by 'n skool ingeskryf is, is hulle verplig om skool by te woon. Hulle en hul ouers kan nie self besluit wanneer om skool toe te kom en wanneer nie. Leerders moet besluit of hulle skool wil gaan of nie. Hoekom dan nie eerder skool los en gaan maak wat jy wil nie. Die skool kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir leerders se vordering as hulle nie skool bywoon nie. In baie gevalle is dit die leerders wat dit die minste kan bekostig om weg te bly.

4. PRYSTOEKENNINGSFUNKSIE: 13 OKTOBER 2011

U word almal uitgenooi na ons prystoekenningsfunksie op 13 Oktober 2011. Dit is ‘n hoogtepunt op ons skool se kalender en daar word van die leerders verwag om die geleentheid in winterdrag (das en baadjie) by te woon. Geen leerder sal op die verhoog toegelaat word indien hy/sy nie ‘n baadjie aan het nie. Ons wil graag spog met ons leerders en versoek dat hulle aan die netheidsreëls sal voldoen. Leerders of ouers mag nie die saal verlaat voordat al die verrigtinge afgehandel is nie.

5. SPORT- EN KULTUURDINEE

Baie dankie aan almal wat baie hard gewerk het om dit ‘n reusesukses te maak, veral mnr. Diedericks, die organiseerder, wat by die diep kant ingegooi is. Dankie vir almal se bywoning.

6. KLEURESTELSEL

Ons het die stelsel van toekenning van kleure in die skool in totaliteit hersien. Dit was die eerste maal sedert die 1980’s. Die hersiene stelsel is in werking vanaf 2011 en is **nie terugwerkend nie**. Aangeheg die algemene beginsels en kriteria wat van toepassing is. Die toekenning van kleure is die skool (skoolhoof en personeel) se verantwoordelikheid en dit word gedoen aan die hand van bepaalde kriteria.

Die kriteria sal in die toekoms jaarliks hersien word (indien nodig) vir implementering die daaropvolgende jaar. Geen veranderinge sal tydens die jaar gemaak word nie tensy in ‘n hoogs uitsonderlike geval. Voorstelle kan jaarliks skriftelik voor die einde Oktober by die skoolhoof ingedien word vir oorweging. Die skool behou hulle die reg voor om na oorweging veranderings aan te bring of nie. Ons is baie positief en opgewonde dat dit vir ons leerders goeie motivering gaan wees.

7. MATRIEKS SE LAASTE DAG

Die matrieks se laaste skooldag is 14 Oktober 2011. Die dag begin met ‘n ontbyt vir die matrieks en die personeel om 07:00 in die klubhuis. Dit word gereël deur die matriekouers. Die koste beloop R50,00 per leerder, wat die geskenk aan die skool insluit. Foto’s van matrieks wat toekennings ontvang het by die sport- en kultuurdinee en die prysuitdeling word om 07:45 by die skool geneem.

Finale eksamenreëlings word deurgegee en ook hul instapkaarte word oorhandig. Geen matriekleerder word tydens die eindeksamen tot die eksamenlokaal sonder so ‘n instapkaart en ID-dokument toegelaat nie. Daarna kry hulle die geleentheid om hul hemde te laat teken. Ons sluit om 11:45 af in die saal. Ons nooi die matrieks se ouers uit om die afsluiting saam met hulle kinders by te woon.

8. BEGROTINGSVERGADERINGS: 20 OKTOBER 2011

Neem kennis dat die begrotingsvergaderings gehou word op 20 Oktober 2011.

Ouers word uitgenooi om die vergaderings by te woon.

17:00: Koshuisbegrotingsvergadering in kamer 5 (hoërskool- en laerskoolkoshuisouers)
20:00: Skoolbegrotingsvergadering in kamer 5

By dié geleentheid sal die skool- en koshuisgeld vir 2012 vasgestel word. Indien u dus deel wil wees in die vasstelling van die skool- en koshuisgeld vir 2012, moet u die vergaderings bywoon. Daarna sal dit as afgehandel beskou word en u wetlik verplig wees om die skoolgeld te betaal.

9. ID-DOKUMENTE: AFSKRIFTE VIR PERSOONLIKE LÊER

Leerders, veral die matrieks, wat reeds ‘n identiteitsdokument het, moet dringend ‘n afskrif vir ons rekord- doeleindes inhandig by die registeronderwyser. Dit word op hulle persoonlike lêers liasseer.

10. INLIGTINGSTEGNOLOGIE AS VAK 2012

Hierdie jaar het ons as ‘n proefneming gepoog om Inligtingstegnologie (IT) as sewende vak tydens skooltyd saam met Rekenaartoepassingstegnologie in dieselfde periode en klas aan te bied. Dit blyk egter nie suksesvol te wees nie, aangesien dit onmoontlik is vir een onderwyser om twee vakke in een periode aan te bied. Die vak sal wel weer in die middae as ‘n agste vak teen ‘n koste aangebied word.

11. JAARBLAD

Ons beplan om vir die vierde agtereenvolgende jaar ‘n jaarblad uit te gee. Dit is egter noodsaaklik om te weet hoeveel gedruk moet word. Ingesluit is ‘n bestelvorm. Om dit egter so bekostigbaar as moontlik te doen, is ons afhanklik van borge. Dit is ‘n geleentheid om u of u besigheid te verewig. U sien dat dit ‘n baie goedkoop advertensie is in vergelyking met wat dit u besigheid sou kos om in ‘n koerant te adverteer. Dit is iets wat bewaar word en deur geslagte gelees word. Dit word nie weggegooi nadat dit gelees is nie. **As u as ‘n familie, gesin, persone of instansies ‘n blad wil borg, kan afskrifte van die vorms by die skool gekry word.** Ons maak staat op u ondersteuning.

12. LENTESKOOL: MEGANIESE, SIVIELE EN ELEKTRIESE TEGNOLOGIE

Daar word vanaf Maandag 3 Oktober 2011 tot Woensdag 5 Oktober 2011 klasse vir bogenoemde vakke aangebied by Môrester Hoërskool om die graad 12-leerders voor te berei vir die eindeksamen. Ons verwag dat al die leerders hierdie klasse sal bywoon. Die drie dae is gratis en die tye is van 08:00 – 16:00.

Elke leerder moet asseblief sy/haar eie sakrekenaar saambring.
Bring asseblief eie toebroodjies en koeldrank saam.

13. SPELETJIEDAG EN POTJIEKOS-KOMPETISIE: VRYDAG 4 NOVEMBER 2011

Ons beplan ‘n dag vol pret en plesier op Vrydag 4 November 2011, wat ‘n speletjiedag vir die graad 8- tot 11-leerders die oggend, en ‘n potjiekos-kompetise die aand insluit. Die graadhoofde en registeronderwysers is in beheer van die organisasie van hul grade. Daar gaan aktiwiteite, verkopings en waterkaskenades wees gedurende skooltyd.

Die leerders van die graad, registeronderwysers en graadhoof wat per leerder die meeste geld met hul verkope en aktiwiteite insamel, sal op Vrydag 11 November 2011 as prys ‘n dag afkry.

Ons benodig ouers en vriende om uit **elke streek** (Willomore, Uniondale, Victoria-Wes, George, Mosselbaai, ens.) **en wyk** deel te neem aan die potjiekos-kompetisie. Ons wil besighede van Oudtshoorn en omgewing ook nooi om deel te neem. Potjiekos-etekaartjies teen R40 per persoon, asook die inskrywingsvorms gaan vanaf 5 September 2011 by mev. S. Basson beskikbaar wees.

Kom ondersteun asseblief ons fondsinsamelingsprojek en kom kuier sommer net lekker saam op dié dag.

14. ELEGANTÉBAL

Die funksie vind op 21 Oktober in die skoolsaal plaas. Kaartjies kan by me. R. Venancio of me. E. Niehaus gekoop word. Dit is 'n geleentheid wat u nie mag mis nie.

15. SWEM

Alle nie-klubswemmers wat belangstel om deel te neem aan Eden galas moet registreer by SWD Aquatics. Die registrasiegeld is R60,00 en moet asseblief so gou moontlik by mev. Klue inbetaal word. Daarna moet swemmers R30,00 per gala betaal voor hulle mag deelneem. Om te kan kwalifiseer vir die SWD-ontwikkelingspan, moet 'n swemmer aan ten minste drie Eden galas deelgeneem het.

SWD-EDEN GALAS VIR DIE 2011/12-SEISOEN

DATUM	NO.	PLEK	SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS
30 September 2011	1	Wellness World – George	21 September 2011
14 Oktober 2011	2	Wellness World – George	10 Oktober 2011
11 November 2011	3	NA Smit – Oudtshoorn	2 November 2011
2 Desember 2011	4	George-swembad	23 November 2011
20 Januarie 2012	5	Mosselbaai	11 Januarie 2012
10 Februarie 2012	6	Plettenbergbaai	1 Februarie 2012
2 Maart 2012	7	Riversdal	22 Februarie 2012
16 Maart 2012		Eden Ontwikkelingskampioenskappe George	6 Maart 2012
April 2012		Interprovinsiale Driehoekige gala SWD-streek	

16. UITSLAE

16.1 SA-NASIONELE BAANFIETSKAMPIOENSKAPSBYEENKOMS 2011

Hanneke van Rooyen (O/16-dogter): 2000 m individuele tydtoets – bronsmedalje
200 m sprint, 1500 m – vierde plek

16.2 RTT-OLIMPIADE

Per graad:

Eerste plek: Gr. 10 – Marizanne Boshoff
Eerste plek: Gr. 11 – Ben Cloete
Eerste plek: Gr. 12 – Stiaan Swart

Algeheel:

Derde: Helga Klue (gr. 12)
Tweede: Marizanne Boshoff (gr. 10) en Ben Cloete (gr. 11) gesamentlik
Eerste: Stiaan Swart (gr. 12)

16.3 SUID-KAAP JEUGKOOR

Die volgende leerders is gekies om in die Suid-Kaap Jeugkoor te sing:

Danike le Grange Nina Jacobs

Louis Marais
Lora Huysamen
Renette Symington
Annalene Carr

Francois Botha
Zelda Botha
El-Mari van der Merwe

16.4 VRL 2012

Graad 8

Johan Strydom
Anél Vorster
Piet Keller

Graad 9

Gerhard van Wyk
Wilco Botha
Marcé Marais

Graad 10

Johan Steyn
Mart-Mari Truter
Sergio Lapperts

Graad 11

Wenzel Botha
Bester Olivier
Lora Huysamen
Hané Fourie

Matriekraad

Karina Grundling
Marinel Wentzel
Charleen Muller
Geldré Potgieter
Alicia Hattingh
Rozelle Otto
Michelle du Toit
Ulrike Bleuler

André van Vuuren
Dewald Knoetze
Louis Marais
Ernst Erasmus
Frikkie Boltman
Robert Wolmarans
Wynand Ferreira
Frederick Coetzee

Aan hulle en hul ouers baie geluk en baie sterkte vir die nuwe termyn. Mag julle ‘n verskil in Langenhoven Gimnasium maak.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Langenhoven het by geleentheid gesê: “’n Man moet voor wees om van agter in die rug gesteek te word.” Dit is interessant dat jy mense kry wat enige iets sal doen om Gim in ‘n swak lig te stel. Dankie aan die vele lojale, positiewe ouers en leerders. Ons waardeer julle. Jesus het by geleentheid gesê, wees mekaar niks verskuldig behalwe om mekaar lief te hê.

Geniet die vakansie.

Groete.

BC SWANEPOEL
SKOOLHOOF

Nuusbrief geborg deur:

TOTAL OUDTSHOORN
MOTORWAS Nuut Gemaak!!
'n 24 UUR DIENSERVARING
A 24 HOUR SERVICE EXPERIENCE!
LP-GAS
TOTAL
C/O VOORTREKKER & J.v.RIEBEECK STR
BRANDSTOF
TEL: 044 272 3366
ALLES WAT JY SOEK
GERIEFSWINKEL

JAARBLAD 2011

Merk asseblief met 'n kruisie die opsie wat u verkies:

1. ☐ Jaarblad @ R80.00
2. ☐ Borg 'n bladsy @ R 100.00 met die bewoording:

HIERDIE BLADSY
IS GEBORG DEUR:

3. ☐ 'n Kwartblad advertensie teen R150.00 (Heg advertensiemateriaal aan)
4. ☐ 'n Halfblad advertensie teen R300.00 (Heg advertensiemateriaal aan)
5. ☐ 'n Volblad advertensie teen R600.00 (Heg advertensiemateriaal aan)

Naam van leerder: _____Graad: _____

Naam van ouer/instansie: _____

Kontaknommer(s): _____

JAARBLAD 2011

Merk asseblief met 'n kruisie die opsie wat u verkies:

1. ☐ Jaarblad @ R80.00
2. ☐ Borg 'n bladsy @ R 100.00 met die bewoording:

HIERDIE BLADSY
IS GEBORG DEUR:

3. ☐ ‘n Kwartblad advertensie teen R150.00 (Heg advertensiemateriaal aan)
4. ☐ ‘n Halfblad advertensie teen R300.00 (Heg advertensiemateriaal aan)
5. ☐ ‘n Volblad advertensie teen R600.00 (Heg advertensiemateriaal aan)

Naam van leerder: _____Graad: _____

Naam van ouer/instansie: _____

Kontaknommer(s): _____